Baie welkom by Wapadrant!
'n Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika

Wees lief vir mekaar
28 Oktober 2018

Eredienste vandag

09:00	**Paul Kruger**
Teks:	Joh 20:24-29 Gal 2:17-21
Tema:	"Kan nie glo dat HY opgestaan het nie!"

- **VANMIDDAG** 18:00: Klassis Hervormingsdiens by Wapadrant olv Derek Mashau.
- Die **DOOP** word op 4 November by die oggend eredienste bedien.
- **NAGMAAL** word op 18 November bedien by al die eredienste.
- **WAPADRANT PRAAT SAAM** 4 Nov 17:30 in die kerkgebou "*Word ons gode of slawe van tegnologie*?"
- **PREEKROOSTER:**

Datum	08:30 en 10:30	18:30
4 Nov	Rassie	Peet
11 Nov	Rassie	Peet

Algemeen

- **Moederskamer:** Slegs ma's met babas tot een jaar oud.
- **Konsistorie:** Babas (1 & 2 jaar) en ouers.
- **Bybels:** In die kerkbanke vir die gebruik deur lidmate en besoekers of gee gerus vir iemand wat dit nodig het.
- **"Neem-en-Deel":** Bybelboekrak in die saal. Volledige besonderhede by die rak oor hoe die projek werk.

Lief en Leed

ONS VRA VOORBIDDING VIR:

- Doulien Knopjes wat 'n blindederm operasie ondergaan het.
- Helene Cilliers wat Vrydag 'n oog operasie ondergaan.
- Die familie van Rosie Prinsloo wat verlede Sondagnag oorlede is.
- Sterkte aan al die matrieks en studente wat eksamen skryf.

ONS IS BLY SAAM MET:

- Roelof Jooste, seun van Gawie en Irmarie Jooste wat verloof geraak het aan Marni.

Die volgende persone word **ter approbasie** aan die gemeente voorgehou. Indien geen beswaar aangeteken word nie, en hulle die roeping opvolg, sal hulle op 18 Nov bevestig word.
As Ouderlinge: Pieter van der Walt, Mark Daniël, Henricus Verhoef, Conrad De Muelenaere, Bernard vd Merwe
As Diakens: Eben Venter, Elna Verhoef

Kaartjies vir Rockwood Theatre (Sunrise Fondsinsameling) is na die erediens in die saal beskikbaar. Bestel sommer 'n burger by G015 in die saal om saam te neem.

Kleuterkerk, Laerskool- & Hoërskoolkleingroepe

- **Kleuterkerk 3-6 jariges: GEEN**
- **Laerskool Kleingroepe (Gr 1 - 6): GEEN**
- **Hoërskool Kleingroepe (Gr 7 - 12): Afgesluit**

Diensgroep- en Gemeente aktiwiteite

http://www.wapadrant.co.za/diensgroep-en-gemeente-aktiwiteite.html

- **Senior Bybelstudie:** Dinsdag 09:00. Rassie gesels oor Nehemia 13.
- **Vroue Bybelstudie:** Dinsdag 09:00.
- **Manne Bybelstudie:** Woensdag 5:30 in Toringkamer 2.
- Ondersteun die **Borg-'n-Bybelprojek**. Neem asb. 'n leë houertjie in die saal.
- **Laaste koekverkoping vir 2018: 25 Nov** tussen die oggend eredienste in die amfi om getraumatiseerde en gestremde volwassenes te ondersteun. Kontakpersoon Riana Stapelberg 0833241005.

Bestelling GKSA Almanak 2019 : Skryf jou naam, van en kontaknommer op 'n koevert, sit **R84** in koevert en plaas in liefdegawesakkie. **Bestellings sluit VANDAG.**

"Weesouers" Kom ons ondersteun mekaar! Al die Pa's en Ma's wie se kroos oorsee bly kuier lekker saam. Bring en Braai by die kerk, 10 Nov 2018 om 16:00. RSVP 8 Nov. Kontak Celia by celiagdebeer@gmail.com 0832863960

Hoender- en biefburgers
@ R30 op 2 Nov. 17:30 tot 18:30 G015 neem vandag bestellings na die erediens in die saal. Fondse word aangewend vir **kospakkies** en **kersete** aan 100 gesinne van Danville**.**
Kontant skenkings ook welkom**.**
Helene Tollig 0839477835.

Laerskoolkleingroepe het op 11 Nov. 'N R5-muntlegging om die Borg-'n-Bybelprojek te ondersteun.

EREDIENSTYE OPNAME
Elke Wapadrant Lidmaat moet asb die Eredienstye Opname voltooi. Gebruik jou QR-kode leestoep, of besoek https://goo.gl/forms/Dur8bDtTFAbafb503S

Sluitingsdatum:
SONDAG 8 NOV.
Papiervraelyste is op die tafel in die portaal beskikbaar. Voltooi en plaas in houer.

Basaar 2 Maart 2019 Laat die fees begin! Skryf jou naam op by die stalletjie waar jy betrokke wil raak. Intussen kan jy solank Wit Olifante, leë houers en lekkergoedskenkings kerk toe bring

Liefdegawes 2018 (Kollekte tydens eredienste)

- **Twee derdes vir verdienstelike Sake Binne Gemeente:** Wapadrant Diakonie (vir o.a. behoeftige lidmate wat ondersteuning ontvang).
- **Een derde vir verdienstelike Sake Buite Gemeente:** Admin Buro en andere.